UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS nuus



## ANDRÉ VAN DER MERWE
## Leier van 'n span pioniers

Marthinus Basson gesels oor teater

Alles oor nuwe rektor se inhuldiging

Bib-personeel sorg vir hul eie welwees

Meet USB's Professor Charles Adjasi

JAAR 23#03 APRIL 2015 YEAR 23#03 APRIL 2015
US Personeelblad SU Staff Magazine

# contents inhoud


My Kampus: Marthinus Basson oor teater ... 3
Matie athletes win medals ... 4
Huis Russel Botman House ingewy ... 5
Students and staff march for dignity ... 6
Desmond Tutu launches TB film ... 7
Prof Van der Merwe se pionierswerk ... 8
Nuwe rektor word ingehuldig ... 10
Neem welwees in jou eie hande ... 11
US Woordfees bly gewild ... 12
Kampuslewe: Eet, lees en luister ... 13
Kidneys give life ... 14
In conversation with Prof Charles Adjasi ... 15
Brokkies in Beeld ... 16



10


12


15


*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Stefan Els
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur,
Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
of wmuller@sun.ac.za


UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY



## VAN DIE Redakteur

Sedert begin Maart was die wêreld behoorlik aan die gons oor 'n grootse gebeurtenis op die US se Tygerberg-kampus.

Dit was die eerste keer in die geskiedenis dat 'n penis suksesvol oorgeplant is.

Die man wat die span medici gelei het tydens hierdie operasie is prof André van der Merwe, Hoof van die US se Afdeling Urologie, wat dié maand op *Kampusnuus* se voorblad pronk.

Die storie oor hierdie oorplanting was op die voorblaaie van koerante wêreldwyd en die sosiale media was in rep en roer. Op bladsy 8 kan jy die man agter die oorplanting 'n bietjie beter leer ken, en ons wys jou ook hoe oorweldigend die media hierop gereageer het.

Nog 'n US-personeellid wat altyd die tonge laat klap, is die bekroonde regisseur en dramadosent Marthinus Basson. Lees op bladsy 3 hoekom hy vanjaar vir sy lewensbydrae tot teater vereer is, en gaan kyk sommer ook die video van *Kampusnuus* se onderhoud met hom.

We also chat to Prof Charles Adjasi of the Business School on page 15. He tells us how the USB's Development Finance programmes have evolved.

Op 1 April het die US se nuwe rektor, prof Wim de Villiers, sy pos opgeneem. Later vandeesmaand, op Woensdag 29 April, word sy inhuldiging gehou. Lees op bladsy 10 presies hoe hierdie geleentheid daaruit sal sien.

Daar is nog vele ander interessante artikels om te lees in hierdie uitgawe: ons het gaan uitvind waarom die US Woordfees so gewild is, en berig oor 'n nuwe boek waarin studente hul menings lug, asook 'n konsert van klaviermusiek wat die Stellenbosse komponis Arnold van Wyk geskryf het.

Geniet hierdie uitgawe van *Kampusnuus*. En hou ons op hoogte van nuus in jou fakulteit of afdeling.

*Wayne*

## KAMPUS klets

**In March, the SU website and social media were buzzing about the penis transplant done at Tygerberg Hospital. Here are some comments (read more on page 8):**

Just amazing! Urology, in conjunction with vascular surgery, has taken the practice beyond kidney transplants and this time penile transplant is the emergent discovery. It's exciting to know that Africa is at the forefront. At the end of the study, I am certain that standard guidelines will be developed, unless men with severe body dysmorphic psychiatric ailments abuse the procedure. Was glad when I was reading through and saw how Prof Van der Merwe stated indications for the procedure. Kudos to the team. – *Dr Kevwe Ogidigben*

SU continues to inspire! This is going to be a milestone in the treatment of persons with certain challenges in penile diseases that cause much physical and psychological suffering. It fulfils one of the chief goals of medical science: to seek to alleviate physical human suffering that is caused by either disease or accident. God bless you . – *Rev Tom J. Obengo*

If you are South African, you will know that these teens are taken to their rural traditional lands. They go through an initiation to become a man which culminates in the circumcision, which is usually done by a traditional leader. This person has no medical training as such, except performing such procedures. Times have changed. Yes, traditional practices should be upheld but the last part (circumcision) should be done in a sterile environment. Not far away in the middle of the bush. – *Kathy*

*Briewe aan* Kampusnuus *is welkom. Stuur 'n kort brief na kampusnuus@sun.ac.za, faks 021 808 3800 of lewer af by Admin B. 'n Skuilnaam mag gebruik word, mits jou naam en e-pos/fisiese adres (nie vir publikasie nie) verskaf word.* Kampusnuus *behou hom die reg voor om briewe te verkort en te redigeer. Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by www.facebook.com/stellenboschuniversity, of volg ons op Twitter (@stellenboschuni).*





# 'n Lewe vol teater

*Die gevierde regisseur en US-dramadosent Marthinus Basson het in Maart 'n Fleur du Cap-prys vir sy lewensbydrae tot teater ontvang. Deur STEFAN ELS*



Vanjaar is ek 41 jaar in die teaterbedryf ... By die US doseer ek ontwerp vir eerste- en tweedejaarstudente, dan ook regie en kabaret vir die derdejaars, en kabaret en regie vir die honneursklas, ook ontwerp as daar ontwerpstudente is. En dan spel.

Kyk die volledige video-onderhoud by http://bit.ly/1DNUzKK

My eerste prioriteit bly die universiteit ... Ek is gelukkiger hier as in die bedryf – dít kan ek jou verseker. Die bedryf is problematies en moeilik, en soms verskriklik frustrerend. Dis soms moeilik om die universiteit en bedryf te balanseer, so 'n mens werk maar saans en oor naweke ook. Die wonderlike ding is dat die universiteit langer vakansies het as enige ander werk wat ek nog ooit gehad het. Maar ek ken nie juis die woord vakansie nie, want vakansies doen ek maar gewoonlik professionele werk.



Ek moet sê ek is altyd meer tevrede ... met die studentewerk. Ek sê dit nie ligtelik nie, en nie noodwendig omdat die gehalte so goed is nie, maar oor die deeglikheid en omvang daarvan dit die moeite werd maak. Jy kan binne die universiteitsraamwerk aan skrywers raak wat niemand meer daar buite wil vat nie. Iets wat my grenslose plesier gegee het, is *Cabaret* en veral Frank Wedekind se *Spring Awakening*, wat ons in Afrikaans gedoen het. Van my professionele werk sou ek sê dit was ongelooflik stimulerend om aan *Anastasia W* te werk. Dit was 'n wonderlike nuwe teks; ek dink nie ons het dit heeltemal bygebring nie, maar dit was 'n waardige en interessante ervaring. En dan *Bloed en Rose*.



Teaterpryse, soos die Fleur du Cap ... wat ek vir lewensbydrae tot teater ontvang het, is nogal 'n tweesnydende swaard: jy kry die gevoel hulle sê "hou nou bleddiewil op, dis nou genoeg". Maar aan die anderkant is dit seker ook wonderlik dat mense dink die werk wat jy doen het waarde. In daardie opsig is dit bevredigend. Ek het nog altyd gedink pryse is nie altyd sinvol is nie, en gaan nie aan die beste werk nie. Maar wat dit wel doen, is dit gee jou 'n vorm van status, asook 'n klein bietjie *leverage*.

Ek wens ek kan vir my jong dramastudente ... eerlik sê wat my ouers vir my gesê het: "Bly daar uit". In alle eerlikheid, dis 'n verskriklik moeilike bedryf in die sin dat daar nie regtig 'n bedryf is nie. Daar is geen professionele status vir akteurs nie, want jy is nooit heeltemal in jou professie nie, jy moet drie of vier balle in die lug hou. Dis nie meer 'n gefokusde werk nie. Alle jongmense in die bedryf moet velle dikker as olifante hê, en ook waagmoed, kreatiwiteit en moet hul eie werk kan inisieer, anders gaan hulle nie oorleef nie.

*Foto's: STEFAN ELS*

## USB welcomes new Small Business Academy participants

The 2015 participants of the University of Stellenbosch Business School's (USB) Small Business Academy (SBA) development programme were recently officially welcomed.

This is the third intake since the SBA was started in 2012 as an initiative of the USB to contribute to growing small businesses in the Peninsula by sharing its knowledge and expertise with township small business owners.

The first group, from Khayelitsha, graduated at the end of 2013, while the second group, from Khayelitsha and Mitchells Plain, completed the intensive nine-month programme at the end of 2014.

This year's 20-plus participants hail from Khayelitsha, Gugulethu, Langa, Nyanga, Philippi and Mitchells Plain, representing businesses such as crèches, beauty salons, recycling companies and even a football club. SBA steering committee member Bongani Mgayi said at the event: "Often Corporate Social Investment (CSI) is a warm and fuzzy affair, but not really meaningful to the core business of the company offering the CSI initiative. The SBA, however, is fully in line with the work done by the USB, which is to grow the economy through business education."



Gail Small (2014 Top SBA-participant), Sonja Morkel (Distell Foundation), Lwandiso Mgwetyana (2015 mentor), Gordon Sharman (Absa Enterprise Development Centre Manager) and Edith Kennedy (USB Stakeholder Relations Manager) at the welcoming of the new SBA participants. Photo: HEINDRICH WYNGAARD

Gordon Sharman, newly appointed manager of Absa's Enterprise Development Centre, introduced the participants to behavioural scientist Dr Daniel Kim's "core theory of success". This entails quality relationships, collective thinking and actions that would ultimately lead to quality results for their businesses.

Distell Foundation's Sonja Morkel said the sincerity and respect with which the SBA development programme is run by USB, makes her organisation proud to be associated with it, adding that the mentorship offered by USB MBA alumni was one of the key success factors. Edith Kennedy, Manager: USB Stakeholder Relations and operational head of the SBA, said: "This year again, we have received numerous enquiries and applications from across the Western Cape."

## Johan Cronje hardloop eerste Victoriastraat-droommyl

Die Vrystaatse atleet en Suid-Afrikaanse rekordhouer in sowel die 1 500m as die myl, Johan Cronje, het op 12 Maart die eerste atleet geword om 'n droommyl in Victoriastraat te hardloop tydens die vyfde Dagbreek/Maties Straatmyl.

'n Droommyl is die myl (1 609m) wat in minder as 4 minute afgelê word.

Die Straatmylfees word jaarliks in Victoriastraat op die US-kampus as deel van die Woordfees gehou en in samewerking met Maties Atletiek aangebied.

Cronje was ook die wenner in 2013. Sibusiso Madikizela, 'n atleet wat deur die bekende voormalige middelafstandatleet, Elana Meyer, afgerig word, was tweede, en die Maties-atleet, Llewellyn Groeneveld, was derde.

Die wedloop word jaarliks gehou ter ere van die US-alumnus De Villiers Lamprecht, wat die eerste Suid-Afrikaner was om 'n droommyl, op 13 November 1964, te hardloop.

Hy is 'n oud-inwoner van Dagbreek-koshuis.

Lamprecht was ook die eerste atleet in die wêreld wat 'n droommyl kaalvoet gehardloop het en sou voortgaan om vyf keer deur die magiese vier minute-grens te breek.



Johan Cronje, Sibusiso Madikizela en Llewellyn Groeneveld. Photo: MARTIN VILJOEN

## Matie athletes win medals at African Junior Champs

Three Maties performed very well at the 2015 CAA African Junior Championships held in Addis Ababa, Ethiopia, from 5 to 8 March.

The SA Junior team finished second on the medal table with a total of 23 medals – four medals behind overall winners Nigeria, which won 27 medals.

Kaitlyn Sparks, Robyn Haupt and Nienka du Toit all received medals.

Sparks received a gold medal in the junior women's pole vault with a height of 3,40m. Her coach is Jean Paul van As. A silver medal in the junior women's 4x100m relay went to Haupt. She also reached the finals in the 200m, in which she was placed fifth in a time of 24.55s. Her coach is Paul Gorries.

Du Toit, who is trained by Seef le Roux, won the bronze medal in the junior women's heptathlon with a total score of 4490 points. She broke her own Boland record of 4420 points in the process.



## Huis Russel Botman House op Menseregtedag ingewy

Familie en vriende van die ontslape US-rektor, prof Russel Botman, het op Menseregtedag, 21 Maart, saam met studente en personeellede die nuwe senior koshuis Huis Russel Botman House op die Stellenbosch-kampus geopen en eer betoon aan Botman se nalatenskap van versoening, menswaardigheid en maatskaplike geregtigheid.

Sy vrou, dr Beryl Botman, het die plakket saam met prof Leopoldt van Huyssteen, Bedryfshoof en waarnemende Rektor van die US, onthul. Die woorde op die plakket lees: "Mag diegene wat in hierdie gebou woon dit as 'n tuiste ervaar. Mag hulle geïnspireer word deur sy nalatenskap en die pedagogie van hoop om versoening, menswaardigheid en maatskaplike geregtigheid te bevorder."

Botman het in 2007 die eerste swart Rektor en Visekanselier van die US geword. In sy tyd as Rektor het hy hom beywer om die Universiteit se verbintenis tot regstelling en ontwikkeling te verwesenlik.



Prof Leopoldt van Huyssteen, Bedryfshoof en waarnemende Rektor van die US, en dr Beryl Botman, vrou van wyle prof Russel Botman, onthul die plakket. Foto: ADRIAN BAILLIE-STEWART

Volgens dr Botman is dit moeilik om in woorde te sê wat hierdie huldeblyk vir hulle beteken en sy het dit beskryf as een van die bewyse van die invloed wat haar man se lewe gehad het en die verskil wat hy gemaak het.

"Ons is trots op hom en trots om met hom geassosieer te word. Ons is dankbaar dat hy sy talente gebruik het om vir 'n beter lewe en menswaardigheid vir almal na te streef."

Die koshuis, wat in 2014 voltooi is en verblyf aan 252 senior mans- en vrouestudente in enkelkamers bied, is in Maraisweg tussen Irene en Eendrag geleë.

Van Huyssteen het in sy toespraak genoem dat studentebehuising vir Botman belangrik was. "Hy het altyd gesê ons moet bou dat die stof so staan. Daarmee het hy verwys na die verbetering van fasiliteite aan die US, insluitend studentebehuising. Hy het uitgewys watter belangrike rol studentehuisvesting speel in die eienskappe van studente wat aan die US afstudeer, en hy wou hê meer studente moes in dié voorreg kon deel."

## Meer besoekers by 2015 Opedag

"Ons het vir seker baie meer voete gehad as in die verlede en inligtingsessies by die verskillende fakulteite was stampvol."

Só verwoord Michelle Swart, Bestuurder: Bemarking en Media by die US se Sentrum vir Studentewerwing, haar indrukke van die jaarlikse US-Maties Opedag wat op Saterdag 28 Februarie gehou is.

Dit was die eerste keer dat dié geleentheid op 'n Saterdag gehou is. Die Opedag was vol interessanthede en een hiervan was die Springbok-sewespan wat die Departement Sportwetenskap besoek het.

Swart sê benewens tien plaaslike skole (ongeveer 400 leerders), wat deur die US geborg is om die Opedag by te woon, het baie leerders die Universiteit saam met hul ouers besoek.

"Wat hierdie Opedag anders gemaak het as vorige jare is dat baie meer ouers dit saam met hul kinders kon bywoon en beleef. Omdat dit in die fakulteite plaasgevind het, kon ouers en leerders 'n gevoel van die kampus kry en die fakulteitsgebou besigtig."

Toekomstige Opedae sal op die laaste Saterdag in Februarie plaasvind.



Prof Arnold Schoonwinkel, US Viserektor (Leer en Onderrig), gesels met leerlinge by die US-Maties Opedag. Foto: ADRIAN BAILLIE-STEWART

## Farm workers to benefit from Claude Leon Foundation grant

Farm workers in the Stellenbosch area will once again benefit from a significant grant from the Claude Leon Foundation to the SU Legal Aid Clinic.

The Legal Aid Clinic has a specialised focus on farm evictions, currently one of the most important legal issues affecting farm workers in the Boland region.

Says William Frankel (OBE), Chairperson of the Foundation: "The specific programme supported by the Foundation ensures that poor farm workers in the Stellenbosch area and further afield in the Winelands, many of whom are only semi-literate, are made aware of their Constitutional rights to security of tenure and are given the means to enforce those rights. The socio-economic rights conferred by the Constitution are at the heart of transformation to a fairer and a more decent and democratic society."

According to Frankel, the Foundation is encouraged that SU is supportive of this programme, which also allows law students and academic staff at the University to be involved in providing their services on a pro bono basis.

Prof Sonia Human, Dean of the Faculty of Law, expressed her appreciation for the generous grant. "This grant makes it possible for the passionate members of the Legal Aid Clinic to assist the most vulnerable members of society and to help restore their dignity. We are proud to be associated with the Foundation."

The Claude Leon Foundation is a South African charitable trust and has been a valuable partner of SU for more than 30 years. It has contributed almost R28 million towards postdoctoral fellowships, merit awards for lecturers, honours bursaries and the expansion and operations of the Legal Aid Clinic, among others.

# March for human dignity at SU

Members of SU's Management Team joined students in a march on 6 March to confirm the institution's pursuit of human dignity in all its facets and to clearly take a stand against any action that is contrary to this.

The "Reaffirming Human Dignity March" is an initiative of several student groups with SU's SRC playing a coordinating role. The SRC also invited staff members to take part in the march. The march took the form of a "silent protest" and was held over the lunch hour in Victoria Street on campus. Some 400 students and staff members took part.

Participants covered their mouths with tape for the duration of the march and collectively removed the tape at the end of the march.

Through this symbolic gesture they demonstrated that they will not remain silent when the dignity of others is infringed and that open discussion is one of the most important ways to create a society where such incidents are not commonplace and where respect for other's human dignity will increase.




*Staff and students participated in the "Reaffirming Human Dignity March".* Photo: ANTON JORDAAN

The march followed candid discussions between the SU management and members of the Student Council, DASO, SASCO, InkuluFreeheid and other student leaders on campus, among them representatives of the Listen, Live and Learn (LLL) houses.

At the University's Conservatoire, where the march ended, management and the SRC exchanged memorandums in which they expressed their commitment to human dignity anew.

Prof Arnold Schoonwinkel, Vice-Rector (Learning and Teaching) and responsible for student affairs, said that the University shall not tolerate any form of human rights violations, discrimination based on race, gender or any other ground, or the violation of any person's human dignity.

"SU promotes sound, positive human relations at all levels and in all fields. This is done through training, dialogue, policy measures, equal rights for all, and a welcoming ethos at SU."

## Stellenbosch vier internasionale vennootskappe

Verteenwoordigers van 22 universiteite van 17 lande was van 17 tot 21 Maart op kampus as deel van die jaarlikse Stellenbosch Internasionale Akademiese Netwerke-vergadering (SIAN). Dié byeenkoms, waar




*Die stalletjie van Leipzig-universiteit in die Neelsie.*

die US se personeel en studente saam met verteenwoordigers van vennootinstellings oor die onderwerp van internasionalisering beraadslaag, is deur die Nagraadse en Internasionale Kantoor (NGIK) aangebied.

Sowat 30 besoekers van lande soos Switserland, die Tsjeggiese Republiek, Amerika en Taiwan, insluitend sewe Afrika-lande, was teenwoordig. Die weeklange byeenkoms het saamgeval met Internasionale Week-vieringe wat vanaf 16 tot 19 Maart gehou is.

SIAN-afgevaardigdes het as deel van Internasionale Week-vieringe op Donderdag 19 Maart aan 'n Internasionale Mobiliteitsuitstalling in die Neelsie-studentesentrum deelgeneem.

Hulle het hier eerstehandse inligting aan US-studente oor studiegeleenthede by hul onderskeie instellings gegee.

Ander aktiwiteite wat gehou is, is werkswinkels met NGIK-personeellede en kollegas van akademiese en administratiewe omgewings, waar onderwerpe soos die internasionalisering van doktorale opleiding, die bou van netwerke in Afrika en studenteleierskap by die US bespreek is.

SIAN-afgevaardigdes het ook geleentheid gekry om Stellenbosch en die Wes-Kaap te verken met uitstappies na wynplase, die Ukwanda Landelike Kliniese Skool op die Worcester-kampus, asook 'n toer van die Kaapse Skiereiland en die V&A Waterfront.

## Marlene van Niekerk op kortlys van Booker Internasionaal

Die skrywer en professor in Afrikaanse letterkunde aan die Universiteit Stellenbosch (US), Marlene van Niekerk, tel onder die tien skrywers wat finaliste is vir vanjaar se Man Booker Internasionale Prys.

Dié prys is een van die gesogste internasionale pryse vir letterkunde en word aan 'n skrywer toegeken vir uitsonderlike prestasie in die skryf van fiksie. Benewens dié prys is daar ook die jaarlikse Man Booker-prys wat aan 'n spesifieke roman toegeken word.

Die Man Booker Internasionale Prys word elke twee jaar aan 'n lewende skrywer toegeken vir werk wat in Engels beskikbaar is (oorspronklik of vertaal). Die wenner word op diskresie van 'n paneel beoordelaars gekies en uitgewers mag nie werk inskryf nie.

Vanjaar word die sesde Man Booker Internasionale Prys toegeken, en die prysgeld beloop £60 000 (net oor die R1 miljoen). Dit is die eerste keer dat 'n Suid-Afrikaner vir die Man Booker Internasionale Prys benoem is.

Van Niekerk doseer Afrikaanse Letterkunde en Kreatiewe Skryfkuns aan die US. Die Booker-benoeming is vir haar werk as fiksie-skrywer en vir die romans *Triomf* (1994) en *Agaat* (2004).

Die wenner word op 19 Mei aangekondig.




# Tutu launches new film on TB at SU

Archbishop Emeritus Desmond Tutu, his wife, Leah, and daughter, Rev Mpho Tutu, were guests of honour at the private gala screening of the film *Breathe Umphefumlo* held in the cinema theatre in the Neelsie Student Centre.

The event took place on the eve of World Tuberculosis Day, which was celebrated on 24 March.

The film was shot partly on the SU campus, and is a collaboration between the Isango Ensemble, the Desmond Tutu TB Centre at SU's Faculty of Medicine and Health Sciences, and the Desmond & Leah Tutu Legacy Foundation.

In his speech at the event, Tutu brought home the grim reality of the toll TB has taken on so many South Africans. Tuberculosis is the number one cause of death in South Africa, with more than 50 000 people dying of TB every year in our country.



*Archbishop Emeritus Desmond Tutu delivers his speech at the gala screening of* Breathe Umphefumlo. *Photo: KIM CLOETE*

"It is disgraceful. We can't accept this. There are people dying who need not die. We can't go on accepting that people die. It is unacceptable. It is immoral. TB is a treatable disease.

"We need a new set of tools to diagnose and treat the disease. TB needs to be our next liberation struggle, next to the fight against poverty," Tutu said.

In *Breathe Umphefumlo*, which is an adaptation of Giacomo Puccini's opera *La Bohème*, the main character, Mimi, dies from tuberculosis.

The opera's music was kept as Puccini had composed it, but instead of a symphony orchestra, a marimba and steel band is used, giving the music an African flavour.

Prof Nulda Beyers, Director of the Desmond Tutu TB Centre, said she is proud to be part of a university which transforms by doing things differently.

"By bringing together academic research, film, music, art and the Desmond & Leah Tutu Legacy Foundation, we are working together to develop new ways to raise awareness about TB."

## US-professor aangestel in spoorwegtaakspan

Prof Jan Havenga van die US se Departement Logistiek is aangestel as 'n lid van die interministeriële taakspan wat ekonomiese regulering vir die spoorwegsektor tot stand moet bring. Hy is een van twee onafhanklike kundiges wat vir dié rol deur die Minister van Vervoer, Dipuo Peters, genomineer is.

Die inisiatief is deel van 'n groter proses wat aanleiding sal gee tot die totstandkoming van 'n enkele omvattende ekonomiese vervoerreguleerder wat oor wetgewende magte beskik.

Havenga is bekend vir sy werk op die gebied van die kwantifisering van nasionale vragvloei en logistieke koste vir Suid-Afrika. Hy is 'n lid van verskeie internasionale werkgroepe gemoeid met die standaardisering van metingsbenaderings tot nasionale logistieke koste.

"Daar is 'n toenemende fokus op volhoubare logistiek," sê Havenga. Volgens hom kan die vraag na logistiek verminder word deur byvoorbeeld voorkeur te gee aan plaaslike vervaardiging en gebruik, of voorsiening van logistiek kan meer doeltreffend gemaak word deur byvoorbeeld terug te keer na spoorvervoer.



*Prof Jan Havenga*

"Meetinstrumente waarmee logistieke prestasie op nasionale vlak gemeet kan word, is nie net moontlik nie, maar baie belangrik. Suid-Afrika is 'n sprekende voorbeeld van 'n land waar logistieke koste al 'n dekade lank suksesvol gemeet word," sê Havenga.

Suid-Afrika is een van net 12 lande wêreldwyd wat logistieke koste van tyd tot tyd meet en is die enigste land behalwe die VSA wat dit jaarliks doen.

## USB-BO soek entrepreneurs vir aluminiumbedryf

Die plaaslike aluminiumbedryf en USB Bestuursontwikkeling (USB-BO), die publieke bestuursontwikkeling en opleidingsmaatskappy van die US Bestuurskool, het kragte saamgesnoer om entrepreneurskap in die aluminiumsektor 'n hupstoot te gee.

Die projek, bekend as die Aluminium Beneficiation Initiative (ABI), wil plaaslike entrepreneurs aanmoedig en ondersteun om toonaangewende aluminiumprodukte te produseer en sodoende waarde toe te voeg tot die plaaslik geproduseerde metaal wat andersins uitgevoer word.

Aluminium BI is 'n inisiatief deur Hulamin, 'n verskaffer van aluminiumprodukte in KwaZulu-Natal; BHP Billiton Aluminium Suider-Afrika, 'n voorste hulpbronmaatskappy; asook die Aluminium Federasie van Suid-Afrika.

Die plaaslike aluminiumbedryf voer tans groot hoeveelhede onverwerkte materiaal uit, terwyl die land terselfdertyd vervaardigde produkte invoer. Deur ABI wil die bedryf 'n sakemodel bevorder wat waardetoevoeging bevorder.

Die doelwit is om binne 3 jaar 100 tot 150 entrepreneurs te identifiseer, ontwikkel, ondersteun en op te lei vir die ontwikkeling van volhoubare sake-ondernemings wat elk sowat 100 ton aluminium per jaar kan verbruik. Die entrepreneurs sal in samewerking met USB-BO geïdentifiseer word.

# Pionierswerk

*Prof André van der Merwe van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) het die span gelei wat die wêreld se eerste suksesvolle penisoorplanting ter wêreld uitgevoer het. KAMPUSNUUS het meer gaan uitvind.*

Dit was 'n marathon-operasie van nege uur lank wat Prof André van der Merwe, Hoof van die US se Afdeling Urologie, op 11 Desember 2014 by Tygerberg-hospitaal gelei het.

Die span chirurge van die Universiteit Stellenbosch en Tygerberg-hospitaal het pionierswerk gedoen toe hulle die eerste suksesvolle penisoorplanting ter wêreld uitgevoer het.

Dit is die tweede keer dat hierdie tipe prosedure aangedurf is, maar die eerste keer in die geskiedenis dat suksesvolle langtermynresultate behaal is.

Drie jaar gelede moes die 21-jarige pasiënt se penis geamputeer word om sy lewe te red nadat hy ernstige komplikasies ontwikkel het weens 'n tradisionele besnydenis.

Die operasie was deel van 'n proefstudie om 'n prosedure vir penisoorplantings te ontwikkel wat in 'n tipiese Suid-Afrikaanse hospitaalteater uitgevoer kan word. Die pasiënt, wie se identiteit om etiese redes beskerm word, het ten volle herstel en het alle funksie teruggekry in die nuut-oorgeplante orgaan.

"Ons doel was dat hy teen twee jaar ten volle funksioneel sal wees en ons was baie verras deur sy vinnige herstel. Die eindresultaat van die oorplanting was dat al die pasiënt se urinêre en voortplantingsfunksies herstel is," verduidelik Van der Merwe.

Die prosedure kan selfs uitgebrei word na mans wat hul penisse verloor het weens kanker of as 'n laaste opsie vir erge erektiele disfunksie weens die newe-effekte van medikasie.



*Prof André van der Merwe* *Foto: STEFAN ELS*

Van der Merwe is bygestaan deur prof Frank Graewe, Hoof van die Afdeling Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie by die FGGW; prof Rafique Moosa, Hoof van die FGGW se Departement Geneeskunde; oorplantingskoördineerders, narkotiseurs, teatersusters, 'n sielkundige, 'n etiese kenner en ander ondersteuningspersoneel.

***Kampusnuus* het Van der Merwe 'n paar vrae gevra:**

**Watter voorbereidings het julle getref vir hierdie oorplanting?**

Die beplanning en voorbereiding vir die studie het in 2010 begin. Ná breedvoerige navorsing het ek en die span chirurge besluit om dele van die model en tegnieke wat ontwikkel is vir die eerste gesigsoorplanting te gebruik. 'n Diepte-studie oor die etiese aspekte met gesigsoorplanting as vergelykende model is gebruik, ons het diepte-onderhoude met die ontvangers gedoen volgens kwalitatiewe navorsingsmetodes, en 'n laboratoriumkadawer tot kadawer penisoorplanting is gedoen. Daarby is onderhoude gedoen met gemeenskapsleiers en Xhosa-sprekende mense om hul gevoel teenoor die projek te toets.

**Dit moet oorweldigend wees om by sulke pionierswerk betrokke te wees. Hoe sou jy die gevoel beskryf?**

Dit is 'n groot voorreg en ek voel dat ek self nie groter as die projek moet wees nie. Daar was natuurlik 'n span nodig om die projek te laat werk. Ons het 'n fonds gestig vir die projek en hoop dat ons mediablootstelling daartoe sal aanleiding gee dat die publiek gewillig sal wees om die projek te help befonds.

**Die oorplanting het nasionaal én internasionaal opslae gemaak. Het hierdie besef al tot jou deurgedring, asook wat dit op professionele vlak vir julle as span vorentoe sal beteken?**

Die internasionale en nasionale erkenning wat die projek kry is verbysterend. Ek het nooit kon dink dit sou so gewild wees nie. Ons was omtrent twee dae lank Google News se top-storie wêreldwyd. Toe die Tygerberg-kampus se mediakantoor dít vir my sê, het ek geweet dit gaan groter wees as wat ek ooit verwag het.

**Het julle al baie navrae gekry van mans wat 'n penisoorplanting benodig?**

Ongemaklik baie. Ek sukkel om by almal se e-posse uit te kom en kry dit nie reg nie. Dit is wel 'n baie ernstige situasie. Hoewel daar geen amptelike rekord is van die getal penisamputasies per jaar as gevolg van tradisionele besnydenisse nie, het een studie bevind dat daar in die Oos-Kaap soveel as 55 gevalle per jaar is, en kenners skat daar kan soveel as 250 amputasies per jaar landwyd voorkom. Vir 'n jong man van 18 of 19 jaar kan die verlies van sy penis baie traumaties wees. Hy het nie noodwendig die sielkundige vermoë om dit te verwerk nie. Daar is selfs berigte van selfmoord onder hierdie jong mans.

**Vertel ons meer oor die skenker.**

Die helde in hierdie storie is vir my die skenker en sy familie. Hulle het die lewens van baie mense gered omdat hulle die hart, longe, niere, lewer, vel, korneas en die penis geskenk het. Vir ons was een van die groot uitdagings om 'n skenker te vind. Daar is heelwat faktore wat ons in ag moes neem: die skenkerorgaan moes normaal wees, geen tekens van geslagsiektes toon nie, bloedtoetse vir geslagsiektes moes almal negatief wees, en dit moes 'n jong man wees.

**Wat is die koste ongeveer van so 'n operasie?**

Dis moeilik om te sê. Die medikasie is tans omtrent R16 000 per maand en sal binnekort aansienlik afkom soos dit verminder word. Die koste van die teatertyd en ons salarisse is natuurlik reeds deur die US en Tygerberg-hospitaal aangegaan, so dié geld sou nie gespaar kon word as ons nie die operasie gedoen het nie. Ons noodteaters by Tygerberg is 24 uur per dag aan die gang.

**As deel van die studie sal nog nege pasiënte penisoorplantings ontvang. Wanneer sal dit gedoen word?**

Daar is 'n groter behoefte in Suid-Afrika aan hierdie tipe prosedures as elders in die wêreld, aangesien baie jong mans hul penisse ná tradisionele besnydenisse verloor. Ons gaan oor drie maande 'n volle koste-analise aan dr Dimitri Erasmus, Uitvoerende Hoof van die Tygerberg-hospitaal, voorlê en hy sal besluit of ons dit intern of ekstern moet befonds. Hoe dit ook al sy, ons sal weer begin oorplant en die mans op die waglys kan nie wag om gehelp te word nie.

## Sosiale media gons

Die sosiale media, waarop die ganse wêreld deesdae hul stem laat hoor, het behoorlik gegons met die nuus van die penisoorplanting. Boonop het koerante en nuuswebtuistes regoor die wêreld berig oor die baanbrekersoperasie.

Maar dis die sosiale media Twitter en Facebook wat die oorgrote meerderheid van response van alle tipes media gehad het.

Hier is 'n paar statistieke van die sosiale media wat die omvang wys van hoeveel mense van die groot nuus kennis geneem het (teen 26 Maart).

**1 162** – die aantal mense wat "like" gekliek het by die berig op die US se Facebook-blad.

**97 919** – die aantal "likes" op die Facebook-blad "I f*cking love science".

**12 028** – die aantal geskrewe kommentare op die bostaande Facebook-blad.

Op die US se webtuiste het heelwat studente en personeel ook kommentaar gelewer. Hier's 'n paar van hulle:

*Nicole Angelique Proctor:* This is good news for men who have been injured badly either through accidents, burns, or evil spouses. Men's health issues are just as valid as women's health issues. Well done indeed, Stellenbosch University. This is good news for men all over the world.

*Akhona Macala:* Now we're very proud to be South Africans. Our own Tygerberg Hospital is making us very proud. South Africa is on record for many things. We have a history for our great grandchildren. As a rainbow nation, as South Africans, we can do more. We can be the ones who find a cure for Aids, who knows?

*Kabo Ijane:* No words to express this. It is the real good story. Only if these pockets of excellence can be connected into one world-class health service, which I believe we can achieved.

*André van der Westhuizen:* Ek dink dit is 'n ongelooflike mylpaal; nie net vir die US nie, maar ook vir diegene wat geskend word weens die wanpraktyk van besnyding in afgeleë gebiede, wat nóú gehelp kan word. Welgedaan US!

*Lees nog kommentare op bladsy 2 onder "Kampusklets".*



*Die span wat die wêreld se eerste penisoorplanting gedoen het.*

# Nuwe rektor op sy pos

*Die US se nuwe Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, het op 1 April sy pos opgeneem en sy inhuldiging word op Woensdag 29 April gehou. MARTIE VAN DER LINDE, wat aan die hoof van die reëlings staan, verduidelik hoe dié geleentheid daaruit sal sien.*

**Waar gaan die inhuldiging gehou word?**
Die Ou Hoofgebou is as spilpunt van die geleentheid gekies, want dit ondersteun drie uitkomste. Eerstens, die Eeufeesvieringsjaar (2018) val in prof Wim de Villiers se termyn; tweedens, die Ou Hoofgebou (College Square) is die bekendste baken op kampus; en laastens, De Villiers se pa was die Dekaan van die Regsfakulteit.

**Hoe sal die geleentheid verloop?**
Die inhuldiging begin om 14:30. Prof De Villiers sal met sy UK-toga vanaf die Wilcocks-gebou na die Ou Hoofgebou stap en sal dan die nuwe toga aantrek nadat hy op amptelike wyse deur die Kanselier ingehuldig is. Die minister van hoëronderwys, Blade Nzimande, of sy verteenwoordiger, sal 'n gelukwensingsboodskap lewer en prof De Villiers sal ook 'n spreekbeurt hê.

Die akademiese prosessie sal 'n kort roete deur die strate stap na afloop van die formele program – uit by die hek voor die Ou Hoofgebou en regs tot by die sirkel, links in Victoriastraat en dan links na die Wilcocks-gebou. By die geleentheid sal onder meer die Universiteitskoor en US Simfoniese Blaasensemble optree, asook 'n marimba-groep uit die gemeenskap en verteenwoordigers van die Militere Akademie.

**Wie is van die eregaste wat genooi is?**
Beslis die familie en vriende van die De Villiers-gesin, want dit is vir hulle 'n baie spesiale geleentheid. Ons het gaste oor 'n wye spektrum genooi om dit so verteenwoordigend moontlik te maak – die dorp en gemeenskap, die provinsie, en nasionaal. Ook uit eie bodem is 'n groot groep personeel en studente genooi. Uitnodigings is ook gestuur aan die minister van hoëronderwys, rektore van al Suid-Afrika se universiteite, rektore van al die oorsese universiteite met wie die US nou saamwerk, ambassadeurs van lande wat die afgelope 18 maande in kontak met die US was, en nog meer.



*Prof Wim de Villiers* *Foto: STEFAN ELS*

**Hoe sal personeel en studente wat nie op die gastelys is nie deel kan hê aan die geleentheid?**
Stoele sal op die sypaadjie van Ryneveldstraat, tussen Crozierstraat en Victoriastraat, uitgepak word. Almal is welkom om in die straat te wag totdat die akademiese prosessie daar verbystap. Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die US dat die inhuldiging só aangebied word dat enigiemand dit kan dophou. In die verlede was dit bloot vir genooides beskore.

### Belangrike inligting

1. Klasse wat ná 13:00 in die Wilcocks- en Ou Hoofgebou sou plaasvind, sal verskuif word.
2. Studente en personeel by die Ou Hoofgebou word gevra vir geduld die paar dae voor en ná die inhuldiging wanneer daar op die terrein gewerskaf sal word.
3. Die parkeerarea tussen die US Kunsmuseum en die Botaniese Tuin sal daardie dag gereserveer word vir gaste wat die inhuldiging bywoon. Parkering by Admin A en B sal moontlik ook geheel of gedeeltelik afgebaken word vir belangrike gaste. US-personeel moet by hul fakulteite en departemente parkeer.
4. Ryneveldstraat (tussen Crozier- en Victoriastraat) word vanaf 12:30 tot 18:00 vir verkeer gesluit, en Victoriastraat vanaf Ryneveldstraat tot by Neethlingstraat sal ook tussen 15:00 en 18:00 gesluit wees.



# Neem welwees in jou eie hande

*Vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens beteken welwees meer as net 'n paar institusionele geleenthede. Hul tweeweeklikse "Happy Hour" is 'n oase van rus vir personeel. So neem hulle welwees in hul eie hande. PIA NÄNNY het meer gaan uitvind.*

"Happy hour" in 'n biblioteek klink dalk na 'n teenstrydige term (tensy jy 'n boekwurm is), maar in die afgelope aantal jaar het die Biblioteek- en Inligtingsdiens hierdie byeenkoms uitgebrei tot meer as net 'n geleentheid om nuwe vaardighede te leer en terugvoering oor konferensies te lewer.

Met die groter klem wat die Universiteit op welwees begin plaas het, het die afdeling besef hulle wil die bymekaarkoms uitbrei om meer op personeel se welwees te fokus. Nou voer hulle gesprek oor al die dimensies van welwees, hetsy fisiek, emosioneel, sielkundig of intellektueel, luister na praatjies, neem deel aan sportdae en gemeenskapsinteraksiegeleenthede en soms verkeer hulle net sosiaal.

Van die onderwerpe wat al bespreek is, is emosionele intelligensie, leefstylveranderings, dieet, tydsbestuur, hoe om te vermy om 'n misdaadslagoffer te word, ergonomika, kuberveiligheid en selfverdediging. Daar word ook gereeld welweesberigte op 'n blog op hul intranet geplaas.

Volgens Henriëtte Swart en Beulah Gericke, onderskeidelik voorsitter en komiteelid van die Biblioteekdiens se personeelontwikkelingskomitee, is die komitee gelukkig om sowel die bestuur as die res van die personeellede se inkoop te hê.

Die ses komiteelede werk aan die begin van die jaar 'n program uit en met 'n klein begroting kom hulle baie ver. Hulle mobiliseer ook personeellede om aan die institusionele welwees- of gemeenskapsinteraksiegeleenthede deel te neem.

Hul doelwit vir die komende Welwees-pretstap op 10 April is om te verseker dat minstens die helfte van hul 103 personeellede daaraan deelneem.

Die "Happy Hour" vind elke tweede Vrydag plaas, en duur van 09:00 tot 10:15. Uitnodigings word 'n week voor die geleentheid uitgestuur en ná die tyd word terugvoer gevra. Daar word ook aan die einde van die jaar 'n verslag saamgestel en aan senior bestuurslede voorgelê.

Naas welwees en personeelontwikkeling is daar ook 'n groot fokus op gemeenskapsinteraksie, en neem die personeel graag deel aan projekte soos Loslitdag, Toasties for Tummies en Breadtags for Wheelchairs.

"Die Biblioteek- en Inligtingsdiens se personeel het die afgelope twee jaar die meeste kaartjies vir Loslitdag verkoop," sê Swart. Hulle het ook geld vir verskeie ander projekte ingesamel, soos Kansa en die Sunflower Fund.

Dan is daar ook plek vir pret, soos byvoorbeeld die sop-en-brood-geleentheid aan die einde van die eerste semester waar personeellede foto's moet bring en ander moet raai wie dit is of hoe foto's bymekaar pas.



*Die Biblioteek- en Inligtingsdiens se personeellede by die Toasties for Tummies-geleentheid op Mandela-dag.*



*Die personeel se geleentheid vir Borskankerbewusmakingsdag.*

**Waarom is dit nodig?**
"Mense sal dink – die Biblioteekdiens, dis tog rustig in 'n biblioteek… Dit is helaas nie rustig nie. Daar is ook baie spanning en druk, en ons vind hierdie 'Happy Hours' is oases waar personeel nie hoef te *perform* nie; hulle kan net terugsit en ontspan," sê Swart en Gericke.

"Die eindresultaat is personeel wat beter funksioneer, fisiek en emosioneel gesonder is en na buite kyk – hulle begin waarde toevoeg, ook in die gemeenskap rondom hulle," voeg Henriëtte by.

"Dink net watter wonderlike plek die Universiteit sal wees as dit by elke afdeling kan gebeur!"

# Dís waarom Woordfees gewild is



*Vanjaar is die Breughel-teater in Cloetesville vir die eerste ingesluit as een van die US Woordfees se sale. Zain Eckleton se* Die Rolbalspeler *is onder meer hier opgevoer. Hier is June van Merch en Brendon Daniels in 'n toneel uit dié verhoogstuk.* *Foto: STEFAN ELS*

Die US Woordfees lok mense van ver en wyd. Nou dat die 2015-fees verby is, gee 'n paar kunstenaars en feesgangers hul indrukke van vanjaar se fees van woorde.

**Hennie van Greunen**, regisseur, skrywer en vervaardiger van Wordsmith's Theatre Factory, sê Stellenbosch is die ideale feesdorp. "Dis 'n universiteitsdorp met 'n geskiedenis en 'n kultuur van lees, leer en partytjie hou. Ek hou van die Woordfees se fokus op boeke en skrywers en die gehore is meestal belese en oop vir nuwe gedagtes en idees."

**Ingrid Glorie**, redakteur van die tydskrif *Maandblad Zuid-Afrika*, het al die pad van Nederland Stellenbosch toe gekom. "Vir my is die Woordfees die interessantste van al die feeste in die land. Nie net het dit 'n fantastiese skrywersprogram nie, maar ook die gehalte van die drama-, debat-, en musiekaanbiedings is uitstekend. As joernalis is die Woordfees vir my soos 'n droom. Almal met wie ek 'n onderhoud sou wou doen, kom hierheen."

**Cobus Bester**, ankeraanbieder van die oggendprogram Monitor op RSG, sê die Woordfees is vir hom spesiaal danksy die heerlike verskeidenheid mense wat om een sentrale tema saamgetrek word. "En dit in die pragtige Stellenbosch. Ek hou baie van die Diskoersreeks en ander gespreksaanbiedings. Ek was vanjaar vir die sewende keer by die Woordfees."

**Wini Esterhuizen**, wat al verskeie letterkundige bydraes tot LitNet gemaak het, woon op Koës, Namibië, en het die Woordfees vanjaar vir die derde keer besoek. "Ek het min die geleentheid om by boekbesprekings en interessante gesprekke uit te kom, omdat ek so ver weg van alles is. Ek gun myself elke jaar die geleentheid om my propvol kultuur te stop. Ek hou van boekbesprekings, die lekker atmosfeer by die Vette Mossel en ek kyk graag as daar kunstenaars daar optree."

**André Simpson**, 'n mediese dokter en inwoner van Stellenbosch, hou van die Woordfees oor die groot aantal gehalte-produksies wat hier aangebied word. "Die Woordfees volg nie populêre tendense slaafs na nie, maar bied 'n substantiewe verskeidenheid produksies. Ek woon die fees by vir teater- en musiekproduksies en die kunsuitstallings."

– STEPHANIE NIEUWOUDT





Dié maand kan jy 'n besonderse konsert beleef met klaviermusiek deur die Stellenbosser Arnold van Wyk, lees wat US-student sê in 'n nuwe boek, en inloer by die Neelsie-studentesentrum se eerste halaal-eetplek.

## Lunch-time

In Cape Town's city centre, Mariam's Kitchen is already an institution. Now they have opened a branch in the Neelsie Student Centre where students and staff can grab lunch.

Mariam's Kitchen is the first halaal eatery in the student centre since the new Neelsie was opened some 20 years ago.

Traditional Indian and Malay dishes are mostly on offer, but Mariam's menu is extensive – from samoosas to gatsbys. Treat yourself to some spicy curry, and add a roti to it (curry wrapped in a roti is called a salomie).

On the menu are also monster sandwiches, and a favourite will certainly be the masala steak toasted sandwich. Gatsbys are huge baguettes filled with chips and anything from steak and chicken to Viennas and polony.

Samoosas with five kinds of fillings as well as pies are available.

But be sure to also grab something sweet – their koesisters and donuts are especially delicious.



## Luister

In 2016 word die geboorte 100 jaar gelede van een van Stellenbosch se grootste kreatiewe geeste, die komponis Arnold van Wyk, herdenk.

Die US se Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS), wat al vir jare besig is met die ontsluiting van Van Wyk se nalatenskap, het in die aanloop tot 2016 'n reeks van drie konserte oor drie jaar beplan om Van Wyk se jeugmusiek uit te voer en op te neem: die solo vokale musiek, die klavierwerke en die kamermusiek.

Verlede jaar is die solo vokale musiek op die verhoog gekureer deur dr Magdalena Oosthuizen tydens 'n konsert in die Endlersaal. Toe is liedere uitgevoer wat nog nooit sedert hul komposisie in die 1930's gehoor is nie.

Op Saterdag 18 April sal Van Wyk se jeugklavierwerke uitgevoer word deur die studente en personeel van die Departement Musiek. Hierdie geleentheid is dus 'n gesamentlik projek van DOMUS en die klavierafdeling van die Departement Musiek. Ook hierdie klaviermusiek is nog nie gehoor sedert dit tussen 1930 en 1938 gekomponeer is nie.

Volgens prof Stephanus Muller van DOMUS is hierdie repertorium nie konsertrepertorium in die sin dat 'n mens daarna kan luister vir die kreatiewe diepgang of persoonlike uitdrukking van kunstenaarskap nie.

"Die werke sal dus gekontekstualiseer word op maniere wat meer herinner aan 'n kunsuitstalling as 'n konsert – 'n tentoonstelling van jeugmusiek van hierdie komponis. Die klavierstukkies ter sprake is meestal nabootsings van style en vorms wat Van Wyk as kind leer ken het. Die konsert verskaf dus 'n blik op sy ontwikkeling as komponis, op die eerste treë van sy kunstenaarskap en die invloede van die komponiste na wie se musiek hy geluister het."

Die Bagatelles en die groot stel variasies dui duidelik op Beethoven se invloed, terwyl van die ander klein karakterstukkies soos die Romanza, die Mazurka en die Elegie weer wys hoe belangrik Chopin vir die jong tiener se musikale verbeelding was. In geheel is



die konsert 'n blik op die wyse waarop die musikale Romantiek aanhou naklink het in die suide van Afrika.

Altesaam 16 pianiste tree op, waaronder Bennie van Eeden, **Sulayman Human (foto bo)** en Lourens Fick.

Bespreek by Computicket.

## Lees

Die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling spog met 'n eerste: 'n boek waarin studente en voormalige studente in gesprek tree met denkleiers wat al by die Instituut se Diskoerskafees opgetree het.

Die boek *#DiskoersCafé – Thought Leadership for the future / #Diskoerskafee – Denkleierskap vir die toekoms* bestaan uit 19 essays deur 17 studente. Die opdrag was dat die studente iets wat tydens die gesprekke met mense soos onder andere Moeletsi Mbeki, Max du Preez, Helen Zille, Breyten Breytenbach en Trevor Manuel, met hulle geresoneer het, dekonstrueer.

Die doelwit van die Diskoerskafees is om studente op informele wyse in kontak te bring met leiers in verskillende velde, waaronder die sake-, politieke en kunstewêreld en om sodoende kritiese debat te ontlok.

Uit hierdie essays is dit duidelik dat die jong skrywers positief is oor die toekoms en hul plek in Suid-Afrika. Meer nog, hulle is bereid om die uitdagings van hierdie land te aanvaar en na oplossings te soek. Maar hulle besef ook dat dit dikwels moeilik is om "die regte ding te doen".


Wayde Groep skryf byvoorbeeld ná 'n lesing deur Jay Naidoo: "Often good people find themselves in compromised situations." Hy sluit egter sy essay af met die woorde: "However, it will always be the right time to do the right thing."

En in 'n essay, geïnspireer deur 'n gesprek met Shaun Johnson, hoof van die Mandela-Rhodes Stigting, skryf Lize-Mari Doubell dat Nelson Mandela, 'n man van vrede, bereid was om oor ideologiese gapings versoenend op te tree deur sy naam te koppel aan dié van 'n kolonialis.

Van die studente het verkies om in Afrikaans te skryf terwyl ander in Engels geskryf het.

Hierdie publikasie is moontlik gemaak deur die ondersteuning van die Konrad-Adenauer-Stiftung (Suid-Afrika).

*#DiscourseCafé / #Diskoerskafee* word uitgegee deur Rapid Access Publishers , 'n druknaam van SUN MeDIA, en is onder redaksie van Stephanie Nieuwoudt.




# Kidneys give life

*World Kidney Day was acknowledged on 12 March, and once again we were reminded about the devastating health and financial impact of kidney failure, writes Dr ROSE RICHARDS of SU's Language Centre.*

Every year millions of people worldwide die unnecessarily from complications of kidney failure. Equally alarming is the fact that globally one in ten people has some form of kidney damage without even knowing about it, largely because there are very few symptoms at an early stage.

While this should be cause for concern, the reality is that chronic kidney disease remains largely unrecognised by many of its victims and does not feature prominently enough on health policy agendas. With so many health-related challenges to address, kidney disease seems to get much less attention than it deserves.



This is, in part, due to fact that we underestimate the devastating effect of the disease. When your kidneys fail, the only chance of survival is dialysis or a transplant, but expensive medical treatment and a long waiting list means that many people die of this disease. Even those who are lucky enough to get dialysis or a transplant may still face a life of disability and rising medical costs.

*A global phenomenon, World Kidney Day encourages us to become more knowledgeable about how our kidneys function, about how they remove toxic waste products and excess fluid from our bodies, make hormones that control blood pressure, produce red blood cells....*

As someone who had to deal with scarred kidneys at an early age, I came to understand just how disruptive and dangerous the disease can be. As a child, I was subjected to a harsh kidney diet and continuous medical treatment. As I got older, my health deteriorated so that by the time I was in my late teens, I was quite impaired and my life very limited indeed.

Thankfully, I was fortunate enough to receive a kidney transplant. My transplanted kidney has been healthy and strong for nearly 24 years. Even though I will always need to take medication every day, I can still lead a normal life as an adult. I've studied further, I've travelled, I hold down a job, and I am in a position to put back into the community. I've been able to reach some of my dreams.

It is especially on World Kidney Day, which is celebrated annually on 12 March since 2006, that I pause to think about how lucky I am to be a kidney transplant recipient and to have been given a new lease of life.

A global phenomenon, World Kidney Day encourages us to become more knowledgeable about how our kidneys function, about how they remove toxic waste products and excess fluid from our bodies, make hormones that control blood pressure, produce red blood cells and keep bones strong, and maintain levels of electrolytes which are vital for the functioning of our cells.

It is crucial that people be informed continuously about the vital role of their kidneys and the negative impact poor lifestyle choices can have on them.

Sadly, many do not realise that high blood pressure, heart disease and diabetes, as a result of too much fat, salt and sugar, could cause kidney damage and that this could be exacerbated by high levels of stress. Also, it is important that people who may be at risk of developing kidney disease go for annual screenings.

On World Kidney Day, we are once again reminded that many of the annual kidney-related deaths are preventable and that a healthy lifestyle can help reduce our chances of developing kidney disease. Since kidney damage can have devastating health and financial implications, we should continue to spread this message even long after the Day's celebrations have died down. It is up to us to look after the very good health of our kidneys and to heed the warning signs before it is too late.



• Dr Rose Richards is the Unit Head (English) of the Writing Lab at SU's Language Centre. This article was published in *The New Age* on Thursday, 12 March.





# Adjasi leads the pack

*The University of Stellenbosch Business School (USB) is not only leading the pack in Africa with its MBA programmes. Another pioneering feature is the school's Development Finance programmes, headed by Prof Charles Adjasi. HEINDRICH WYNGAARD spoke to him.*

In an office on the fourth floor of the University of Stellenbosch Business School (USB), next to that of the director's, sits a man of modest height and a heart the size of Africa. Always impeccably dressed and business-like, he heads the USB's Development Finance programmes.

You won't find him talking much about himself. He only shares what is necessary: that he is Ghanaian of birth, graduated from the University of Ghana with BA Hons (1998) and an MPhil (2001), and then completed his PhD at the USB in 2007.

But when you ask this man with the shy smile about his area of speciality, which is development finance and economics, he will talk to you until he has to be called for his next meeting – which is exactly what happened on the day I interviewed Prof Charles Adjasi.



*Prof Charles Adjasi* Photo: HEINDRICH WYNGAARD

After completing his PhD, Adjasi served as a visiting lecturer at USB from 2004 until 2011, when he was appointed an Associate Professor and later promoted to his current position. The location of his office could simply be a matter of fact, or it could easily be an indication of just how important Development Finance has become to the USB.

From introducing an MPhil-degree in 2003 – the first of its kind in Africa – the business school was soon moved by its success and demand to add a Postgraduate Diploma and more recently also a PhD-programme.

The figures will tell you why: on average, the number of applications grew by 50% year on year from about 50 applications initially to comfortably more than 300 these days. "Last year alone we received between 400 and 500 applications," Adjasi says.

The same growth in applications is seen in the Postgraduate Diploma in Development Finance; this year alone more than 200 prospective students applied.

Says Adjasi: "While the MPhil programme attracts senior managers and directors, the PGD was introduced in 2013 after a need for such a programme, targeting middle managers, was identified by the MPhil graduates returning to work." A natural next step was the introduction of a PhD programme in 2013.

Adjasi explains the importance of development finance as a specialist field: "Each time you think about economic growth and how to tackle the challenges we are faced with in almost all of Africa, you realise that you cannot use the traditional methods for developing economies."

This realisation is also on the minds of global financial institutions, such as the World Bank, African Development Bank and Asian Development Bank. On top of it, the BRICS countries, of which South Africa is a member, have also advanced its plan for a BRICS bank.

"Only through extensive research would one be able to influence the policies that would ultimately impact positively on growth and addressing the challenges. If Africa manages to get it right, most of the continent might be able to move from a developing to a developed economy sooner than what most people would like to believe," he says.

USB's development finance programmes are increasingly contributing to that goal, despite the fact that one of the business school's biggest challenges is the limited number of students that can be accommodated in the programme.

But that does not dampen Charles Adjasi's passion for this field; instead, he is already discussing with management possible ways of increasing the annual intake.



*Prof Corvin Matei (middle) of the Department of Music in the Faculty of Arts and Social Sciences delivered his inaugural lecture on Saturday, 7 March. The title of his address was "Love in Music". Pictured here with Matei is Prof Johan Hattingh, Dean of the Faculty of Arts and Social Sciences, and Prof Eugene Cloete, Vice-Rector (Research and Innovation).* Photo: ALEC BASSON



*Prof Julie Claassens van die Dissiplinegroep Ou en Nuwe Testament in die Fakulteit Teologie het op Dinsdag 10 Maart haar intreerede getiteld "An Abigail Optic: Reading the Old Testament at the intersections" gelewer. Hier is Claassens saam met proff Nico Koopman, Dekaan van die Fakulteit Teologie, en Eugene Cloete, Viserektor (Navorsing en Innovasie).* Foto: ANTON JORDAAN



*Profs Cang Hui (second from left) of the Department of Mathematical Sciences and Albert van Reenen (second from right) of the Department of Chemistry and Polymer Science in the Faculty of Science both delivered their inaugural lectures on Thursday, 19 March. The topic of Hui's address was "Unlocking patterns of nature – The marriage of mathematics and ecology", while Van Reenen talked about "A better mousetrap? A new look at some old issues". Pictured with Hui and Van Reenen are Profs Eugene Cloete, Vice-Rector (Research and Innovation), and Louise Warnich, Dean of the Faculty of Science.* Photo: JUSTIN ALBERTS

LUMLEY'S PLACE
ACCOMMODATION | CONFERENCING | PRIVATE FUNCTIONS
★★★★
*Sincerely Yours*
PETER AND BENITA CYSTER
M: +27 (0)82 850 9007



GPS: S 33° 54' 178", E 18° 57' 136"
E: info@lumleysplace.co.za
www.lumleysplace.com

TEACH ENGLISH ABROAD

TEFL COURSES
- Internationally recognized certificate
- University accredited
- 120-hour's courses
- Full-time & part-time options
- Theory & teaching practice sessions
- Assistance in finding overseas employment
- R6000 inclusive of materials & certificate

*Applications now open, so book early as our courses are very popular.*
**Contact:** Owlsenglishschool@gmail.com, Lutz Building, 11 Victoria Road (opposite Happy Oak Pub), Stellenbosch

## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

### TE HUUR / TO LET

**Tuinwoonstel:** Eenslaapkamer tuinwoonstel met ruim leefvertrek en veilige parkering in Die Boord (naby winkels) vanaf April @ R3950pm. Water, DStv, asook skoonmaker een keer per maand ingesluit. Skakel 021 883 8313.

### SAAMRY / LIFTS

**Noordelike voorstede (Vredekloof of Stellenberg-omgewing) – Stellenbosch:** Saamryklub soek een persoon om saam te ry vanaf bogenoemde areas na Stellenbosch-kampus. Werksure 08:00-16:30. Eie vervoer noodsaaklik. Kontak mhanekom@sun.ac.za of 021 808 2601.

**Gordonsbaai – Stellenbosch:** Dame soek geleentheid vanaf Gordonsbaai tot Stellenbosch en terug van Maandag tot Vrydag. Kantoorure 08:00 tot 16:30. Skakel Miranda by 021 808 9522 of 082 925 5897.

**Noordelike voorstede (Kraaifontein – Stellenbosch):** Saamryklub soek een persoon met eie vervoer om saam te ry vanaf Kraaifontein (Bonnie Brae-omgewing) na Stellenbosch-kampus. Werksure 08:00-16:30. Kontak mer@sun.ac.za of 021 808 4879.



Our skilled financial advisers will work closely with you to develop a financial plan that aligns with your long-term personal and professional potential. Let our expertise and

**individual financial and investment advice**

allow you to navigate your future with absolute security.

Contact Carinus Strydom now to start planning and ensure your long-term financial plans are realised.

carinus strydom
AN APPROVED FINANCIAL SERVICES PROVIDER FSP NO 6516

t +27 21 887 3360
info@carinusstrydom.com
www.carinusstrydom.com



Set on a Jacaranda-lined street in Stellenbosch's most elegant part of town 5 Seasons is the oasis of peace and tranquility. Only 3 minutes drive from the centre with its restaurants, cafes and bars, but also museums, galleries, the University and the STIAS conference centre.

*Tel:* 021 886 6159
*Email:* info@5-seasons.co.za
*Website:* www.5-seasons.co.za
60 van der Stel Street, Stellenbosch

5SEASONS guesthouse